Man wat TB in tronk kry, verloor sy eis teen DKD

Volksblad 26/3/2012 p.7

Philip de Bruin

JOHANNESBURG. – 'n Man wat langer as vier jaar as verhoorafwagtende in die Pollsmoor-gevangenis in Kaapstad aangehou is en daar tuberkulose (TB) opgedoen het, het sy eis teen die minister van korrektiewe dienste net-net in die appèlhof verloor.

Die vyf appèlregters was trouens duidelik baie simpatiekgesind teenoor mnr. Dudley Lee van Milnerton in Kaapstad, teen wie alle aanklagte van bedrog laat vaar is nadat hy langer as vier jaar verhoorafwagtend in die tronk was en die saak meer as 70 keer uitgestel is.

Die regters het in hul uitspraak skerp kritiek gelewer op die swak of nie-bestaande beheermaatreëls in tronke wat betref die bekamping van TB. Hulle het ook 'n dwarsklap na die minister ingekry wat volgens hulle elke aspek van Lee se eis verbete beveg het, wel wetende dat TB-beheer in tronke ernstig afgeskeep word.

"Gevangenes is een van die mees weerlose groepe mense in die gemeenskap waar dit gaan oor die staat se versuim om sy grondwetlike en statutêre verpligtinge na te kom."

Lee het elke aspek van sy eis buiten een gewen. Appèlregters Lex Mpati, Mahomed Navsa, Bob Nugent, Suretta Snyders en waarnemende appèlregter T. Ndita het bevind dat Lee inderdaad TB opgedoen het terwyl hy in Pollsmoor was en dat korrektiewe dienste inderdaad nalatig was omdat beleid vir TB in tronke net sporadies geld.

Die enigste bevinding teen Lee was dat dit nie redelikerwys van 'n tronk soos Pollsmoor verwag kan word om sowat 4 000 gevangenes só gereeld en só deeglik te ondersoek dat elke gevangene met TB betyds opgespoor sal word voordat die betrokke gevangene aansteeklik is nie.

Die rede daarvoor is dat TB dikwels eers gediagnoseer kan word lank nadat die aangetaste mens die siekte reeds het en dus kan oordra.

Hoewel Lee se eis dus van die hand gewys is en hy normaalweg beveel sou word om korrektiewe dienste se regskoste te betaal, het die regters hul misnoeë met die departement gewys deur te beveel dat die departement sy eie koste moet betaal.